


**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die Eerste Presidensie

# Moenie Bang Wees om Goed te Doen nie

*Die Here sê aan ons dat wanneer ons met geloof op sy rots staan, onsekerheid en vrees verminder word; die begeerte om goed te doen vermeerder.*

My liewe broers en susters, ek bid nederig dat die Gees van die Here met ons sal wees terwyl ek vandag praat. My hart is vol dankbaarheid aan die Here, wie se Kerk hierdie is, vir die inspirasie wat ons gevoel het in ons vurige gebede, inspirerende praatjies en engelesang in hierdie konferensie.

Verlede April het President Thomas S. Monson ŉ boodskap gelewer wat harte regoor die wêreld geroer het, myne ingesluit. Hy het gepraat van die krag van die Boek van Mormon. Hy het ons aangemoedig om die leringe daarin te bestudeer, te bepeins en toe te pas. Hy het belowe dat indien ons elke dag tyd afsonder om die Boek van Mormon te bestudeer en daaroor te peins en die gebooie wat dit bevat te onderhou, sou ons ŉ noodsaaklike getuienis van die waarheid daarvan ontvang, en die daaruitvoortvloeiende getuienis van die lewende Christus sal ons na veiligheid lei in tye van probleme. (Sien "The Power of the Book of Mormon," *Liahona,* Mei 2017, 86–87.)

Soos baie van julle, het ek die profeet se woorde as die stem van die Here aan my gehoor. En, ook soos baie van julle, het ek besluit om daardie woorde te gehoorsaam. Nou, sedert ek ŉ jong seun was, het ek die getuienis aangevoel dat die Boek van Mormon die woord van God is, dat die Vader en die Seun aan Joseph Smith verskyn en met hom gepraat het, en dat antieke Apostels na die Profeet Joseph gekom het om die priesterskapsleutels aan die Here se Kerk te herstel.

Met daardie getuienis, het ek die Boek van Mormon elke dag vir meer as 50 jaar gelees. Ek kon dalk geredeneer het dat President Monson se woorde vir iemand anders bedoel was. Tog, soos baie van julle, het ek gevoel dat die Profeet se aanmoediging en sy belofte, my uitnooi om ŉ groter poging aan te wend. Baie van julle het gedoen wat ek gedoen het: gebid met meer ywer, die skrifture met meer erns bepeins, en harder probeer om die Here en andere vir Hom te dien.

Die gelukkige gevolg vir my, en vir baie van julle, is wat die profeet belowe het. Diegene van ons wat sy geïnspireerde raad ter harte geneem het, het die Gees meer duidelik gehoor. Ons het ŉ groter krag om versoekinge te weerstaan, gevind en het groter geloof in ŉ opgestaande Jesus Christus, in sy evangelie en in sy lewendige Kerk gevoel.

In ŉ seisoen van toenemende opskuddings in die wêreld, het hierdie vermeerdering in getuienis, onsekerheid en vrees uitgedryf en vir ons gevoelens van vrede gebring. Om President Monson se raad te volg het nog twee ander wonderlike uitwerkings op my gehad: Eerstens het die Gees wat hy belowe het ŉ sin van optimisme geskep oor dit wat nog voorlê, selfs terwyl dit lyk asof die onrus in die wêreld vermeerder. En tweedens het die Here my—en jou—ŉ selfs groter gevoel van sy liefde vir diegene in nood, gegee. Ons het ŉ groter begeerte gevoel om tot die redding van andere te gaan. Daardie begeerte is die hart van President Monson se bediening en leringe.

Die Here het liefde vir andere en moed belowe aan die Profeet Joseph Smith en Oliver Cowdery toe die opdragte voor hulle oorweldigend kon gelyk het. Die Here het gesê dat die nodige moed sou kom deur hulle geloof in Hom as hulle rots:

"Vrees nie om goed te doen nie, my seuns, want wat julle saai, dit sal julle ook maai; daarom, as julle goed saai, sal julle ook die goeie maai vir jul loon.

"Daarom, vrees nie, klein kuddetjie; doen goed; laat die aarde en die hel saamspan teen julle, want as julle gebou is op my rots kan hulle nie oorwin nie.

"Kyk, Ek veroordeel jou nie; gaan heen en sondig nie meer nie; doen die werk met erns wat Ek jou gebied het.

"Sien op na My in elke gedagte; twyfel nie, vrees nie.

"Beskou die wonde wat my sy deurboor het, en ook die merke van die spykers in my hande en voete; wees getrou, onderhou my gebooie, en julle sal die koninkryk van die hemel beërwe" (L&V 6:33-37).

Die Here het aan sy leiers van die Herstelling gesê, en Hy sê aan ons, dat wanneer ons met geloof op sy rots staan, twyfel en vrees verminder word; die begeerte om goed te doen vermeerder. Soos ons President Monson se uitnodiging aanvaar om 'n getuienis van Jesus Christus in ons harte te plant, ontvang ons die krag, die begeerte en die moed om tot die redding van andere te gaan, sonder bekommernis oor ons eie behoeftes.

Ek het daardie geloof en moed al baie kere gesien wanneer gelowige Heiliges van die Laaste Dae vreeslike beproewinge in die gesig gestaar het. Vir een voorbeeld, was ek in Idaho toe die Teton-dam op 5 Junie 1976, gebreek het. 'n Muur van water het afgestroom. Duisende het uit hulle huise gevlug. Duisende huise en besighede is vernietig. Wonderbaarlik, is minder as 15 mense gedood.

Wat ek daar gesien het, het ek gesien wanneer Heiliges van die Laaste Dae ferm staan op die rots van 'n getuienis van Jesus Christus. Omdat hulle geen twyfel het dat Hy oor hulle waak nie, word hulle vreesloos. Hulle ignoreer hulle eie beproewinge en gaan tot die verligting van andere. En hulle doen dit uit liefde vir die Here, en vra geen vergoeding nie.

Byvoorbeeld, toe die Teton-dam gebreek het, was 'n Heiliges van die Laaste Dae paartjie op reis, myle van hulle huis af. Onmiddelik toe hulle die nuus oor die radio gehoor het, het hulle hul teruggehaas na Rexburg. Eerder as om na hulle eie huis te gaan om te sien of dit vernietig was, het hulle die biskop gaan soek. Hy was in 'n gebou wat hulle omskep het as die herstelsentrum. Hy was besig om die duisende vrywilligers te organiseer wat met geel skoolbusse aangekom het.

Die paartjie het na die biskop gegaan en gesê: "Ons het nou net teruggekom. Biskop, waarheen kan ons gaan om te help?" Hy het hulle die name van 'n familie gegee. Daardie paartjie het gehelp om modder en water te skep uit huis na huis. Hulle het vir dae van sonop tot donker gewerk. Hulle het uiteindelik 'n blaaskansie geneem om te gaan sien hoe hulle eie huis lyk. Dit was weggespoel in die vloed, daar was niks agtergelaat om skoon te maak nie. Dus het hulle vinnig omgedraai en teruggegaan na hulle biskop toe. Hulle het gevra, "Biskop, het jy iemand vir ons om te help?"

Daardie wonderwerk van stille moed en naasteliefde—die suiwere liefde van Christus—is oor die jare en oor die wêreld herhaal. Dit het gebeur in die verskriklike dae van vervolging en beproewing in die tyd van die Profeet Joseph Smith in Missouri. Dit het gebeur terwyl Brigham Young die uittog vanuit Nauvoo gelei het en toe Heiliges geroep het na woestynagtige plekke oor die westelike Verenigde State om mekaar te help om 'n Sion vir die Here te skep.

As jy die joernaalinskrywings van hierdie pioniers lees, sien jy die wonderwerk van hoe geloof twyfel en vrees uitdryf. En jy lees van Heiliges wat hulle eie belange nagelaat het om iemand anders namens die Here te help, voor hulle na hulle eie skape of ongeploegde lande teruggekeer het.

Ek het hierdie selfde wonderwerk 'n paar kort dae gelede gesien na die gevolge van Orkaan Irma in Puerto Rico, Saint Thomas en Florida, waar Heiliges van die Laaste Dae saam met ander kerke en plaaslike gemeenskapsgroepe en nasionale organisasies met die opruimingswerk begin het.

Soos my vriende in Rexburg, het een paartjie in Florida, wat nie lede is nie, daarop gefokus om die gemeenskap te help eerder as om op hulle eie eiendom te werk. Toe sommige Heiliges van die Laaste Dae bure aangebied het om die twee groot bome wat hulle ingang geblok het te verwyder, het die paartjie erken dat hulle so oorweldig was deur die taak dat hulle eerder ander gaan help het, met die geloof dat die Here die hulp sou verskaf wat hulle by hulle eie huis nodig gehad het. Die man het gemeld dat voor die Kerklede daar aangekom het met aanbiedinge van bystand, het die paartjie gebid. Hulle het 'n antwoord ontvang dat hulp sou kom. Dit het binne 'n paar uur van daardie versekering gekom.

Ek het 'n verslag gehoor dat sommige mense die Heiliges van die Laaste Dae wat die geel Helping Hands T-hempies aangehad het "Die Geel Engele" genoem het. Een Heilige van die Laaste Dae het haar motor ingeneem vir 'n diens en die man wat haar gehelp het, het die "geestelike ondervinding" beskryf wat hy gehad het toe mense in geel hemde die bome op sy erf verwyder het, hy het gesê dat hulle "'n liedjie vir my gesing het van om 'n kind van God te wees."

'n Ander Florida inwoner—ook nie van ons geloof nie—het vertel dat Heiliges van die Laaste Dae na haar huis gekom het terwyl sy besig was om in haar verwoeste erf te werk, sy het oorweldig gevoel en baie warm gekry, en sy was naby aan trane. Die vrywilligers het in haar woorde, "'n ware wonderwerk" verrig. Hulle het nie net met toewyding gedien nie, maar ook met 'n glimlag, en wou niks in ruil aanvaar nie.

Ek het die toewyding gesien en die lag gehoor toe ek later op die Saterdag 'n groep Heiliges van die Laaste Dae in Florida besoek het. Die vrywilligers het hulle skoonmaakwerk lank genoeg gestop om my toe te

laat om ŉ paar hande te skud. Hulle het vertel dat 90 lede van hulle pen in Georgia die vorige aand ŉ plan gemaak het om met die reddingswerk in Florida te kom help.

Hulle het Georgia om 04:00 in die oggend verlaat, vir ure gery, deur die hele dag en in die nag gewerk en was van plan om die volgende dag ook te werk.

Hulle het dit aan my beskryf met glimlagte en in ŉ goeie gees. Die enigste stres wat ek kon sien was dat hulle wou ophou om bedank te word sodat hulle kon terugkeer na hulle werk. Die penpresident het sy kettingsaag weer aangeskakel en was reeds besig om aan ŉ ontwortelde boom te werk en ŉ biskop was besig om takke te skuif terwyl ons in ons motor geklim het om na die volgende reddingspan te gaan.

Vroeër daardie dag, terwyl ons wou wegtrek van ŉ ander groep, het ŉ man na ons motor geloop en sy hoed afgehaal en ons bedank vir die vrywilligers. Hy het gesê: "Ek is nie ŉ lid van julle Kerk nie. Ek kan nie glo wat julle vir ons gedoen het nie. God seën julle." Die HLD-vrywilliger wat langs hom gestaan het in sy geel hemp het geglimlag en sy skouers gelig, asof hy geen lof verdien nie.

Terwyl die vrywilligers van Georgia gekom het om hierdie man te help wat dit nie kon glo nie, het honderde Heiliges van die Laaste Dae van daardie selfde verwoeste deel van Florida honderde myle suid gegaan na ŉ ander plek in Florida waar hulle gehoor het dat die storm erger skade veroorsaak het.

Daardie dag het ek onthou en die profetiese woorde van die Profeet Joseph Smith beter verstaan: "ŉ Man gevul met die liefde van God, is nie tevrede met seëninge slegs vir sy familie alleen nie, maar gaan deur die hele wêreld, gretig om die hele mensdom te seën" (*Teachings of Presidents of the Church: Joseph Smith* [2007], 426).

Ons sien sulke liefde orals in die lewens van Heiliges van die Laaste Dae. Elke keer as daar ŉ tragedie enige plek in die wêreld plaasvind, maak Heiliges van die Laaste Dae skenkings aan die Kerk se humanitêre pogings en dien hulle as vrywilligers. ŉ Beroep is selde nodig. Dit is ŉ feit dat ons soms vrywilligers moet vra om te wag voor hulle na die rampgebied reis totdat diegene wat die werk moet lei gereed is om hulle te ontvang.

Daardie begeerte om te seën is die vrugte van mense wat besig is om ŉ getuienis van Jesus Christus, sy evangelie, sy herstelde Kerk en sy profeet te ontwikkel. Dit is hoekom die Here se volk nie twyfel of vrees nie. Dit is hoekom sendelinge vrywilliglik in elke hoekie van die wêreld dien. Dit is hoekom ouers saam met hulle kinders vir andere bid. Dit is hoekom leiers hulle jeug uitdaag om President Monson se versoek, om hulself in die Boek van Mormon te verdiep, ter harte neem. Die vrugte kom nie as gevolg van die leiers se smekinge nie, maar deur jeug en lede wat in geloof optree. Daardie geloof, in aksie, wat onselfsugtige opoffering vereis, bring die verandering van hart wat hulle toelaat om die liefde van God aan te voel.

Ons harte bly egter net veranderd solank as wat ons aanhou om die profeet se raad te volg. Indien ons ophou probeer na slegs een poging, sal die verandering verdof.

Gelowige Heiliges van die Laaste Dae het hulle geloof in die Here Jesus Christus, in die Boek van Mormon as die woord van God en in die herstelling van die priesterskapsleutels in sy ware Kerk vermeerder. Daardie vermeerderde getuienis het ons groter moed en besorgheid vir ander van God se kinders gegee. Maar die uitdagings en geleenthede wat nog voorlê, sal selfs meer vereis.

Ons kan nie die fyner punte vooruit sien nie, maar ons ken die groter plan. Ons weet dat die wêreld in beroering gaan wees in die laaste dae. Ons weet dat te midde van watter moeilikheid ook al mag kom, die Here die gelowige Heiliges van die Laaste Dae sal lei om die evangelie van Jesus Christus na elke nasie, stam, taal en volk te neem. En ons weet dat die Here se ware dissipels waardig en voorbereid sal wees om Hom te ontvang wanneer Hy weer kom. Ons hoef nie te vrees nie.

So alhoewel ons reeds geloof en moed in ons harte gebou het, verwag die Here nog meer van ons—en van die generasies na ons. Hulle sal sterker en meer dapper moet wees, omdat hulle selfs groter en moeiliker dinge sal moet doen as wat ons gedoen het. En hulle sal vermeerderde opposisie van die vyand van ons siele moet teenstaan.

Die weg na optimisme, soos wat ons vorentoe beweeg, is deur die Here gegee: "Sien op na my in elke gedagte; twyfel nie, vrees nie" (L&V 6:36). President Monson het ons gesê hoe om dit te doen. Ons moet die Boek van Mormon en die woorde van die profete bepeins en toepas. Bid altyd. Wees gelowig. Dien die Here met ons hele hart, mag, verstand en krag. Ons moet bid met al die energie van ons harte vir die gawe van naasteliefde, die suiwere liefde van Christus (sien Moroni 7:47–48). En bowe als, moet ons aanhoudend en vasbeslote wees in ons toepassing van die profetiese raad.

Wanneer die weg moeilik is, kan ons op die Here se belofte staatmaak—die belofte waaraan President Monson ons dikwels herinner het wanneer hy hierdie woorde van die Verlosser aangehaal het: "En wie julle ook al ontvang, daar sal Ek ook wees, want Ek sal uitgaan voor julle aangesig. Ek sal aan julle regter- en linkerhand wees, en my Gees sal in julle harte wees, en my engele rondom julle, om julle te versterk" (L&V 84:88).

Ek getuig dat die Here voor julle aangesig gaan wanneer julle ook al in sy diens is. Soms sal julle die engel wees wat die Here stuur om andere op te beur. Soms sal julle diegene wees wat deur engele omring word


om julle op te beur. Maar julle sal altyd sy Gees hê om in julle harte te wees, soos julle in elke nagmaaldiens belowe word. Jy hoef slegs sy gebooie te onderhou.

Die beste dae lê voor vir die koninkryk van God op die aarde. Opposisie sal ons geloof in Jesus Christus versterk, soos dit sedert die dae van die Profeet Joseph Smith gebeur het. Geloof sal altyd vrees oorkom. Om saam te staan bring enigheid. En julle gebede vir diegene in nood word gehoor en beantwoord deur 'n liefdevolle God. Hy sluimer nie, nóg slaap Hy.

Ek lewer my getuienis dat God die Vader leef en wil hê dat jy huis toe moet kom, na Hom toe. Hierdie is die ware Kerk van die Here Jesus Christus. Hy ken jou; Hy het jou lief; Hy waak oor jou. Hy het versoening gedoen vir jou sondes en myne en die sondes van al Hemelse Vader se kinders. Om Hom in jou lewe en in jou diens aan andere te volg, is die enigste weg na die ewige lewe.

Ek getuig so hiervan en laat my seëning en my liefde met julle. In die heilige naam van Jesus Christus, amen.

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17.
Vertaling van die *Eerste Presidensie-boodskap, November 2017*.Afrikaans. 97931 501



**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidensie

# Drie Susters

*Ons is verantwoordelik vir ons eie dissipelskap, en dit het min—of niks—te make met hoe andere ons behandel nie.*

Liewe susters, liewe vriende, om algemene konferensie met 'n wêreldwye susters-sessie te begin, is betekenisvol en wonderlik. Verbeel jou: susters van alle ouderdomme, agtergronde, nasionaliteite en tale verenig in geloof en liefde vir die Here Jesus Christus.

Terwyl ons onlangs ons geliefde profeet, President Thomas S. Monson ontmoet het, het hy met ons gedeel hoe baie hy die Here liefhet. En ek weet dat President Monson baie dankbaar is vir julle liefde, julle gebede en julle toewyding aan die Here.

'n Lang tyd gelede in 'n verafgeleë land het daar 'n familie van drie susters geleef.

Die eerste suster was **hartseer.** Alles vanaf haar neus tot by haar ken en van haar vel tot haar tone was net nie goed genoeg vir haar nie. Wanneer sy gepraat het, het haar woorde soms vreemd uitgekom en mense het gelag. Wanneer mense haar gekritiseer het of "vergeet" het om haar na iets uit te nooi, het sy gebloos, weggestap en 'n geheime plekkie gevind waar sy hartseer gesug het en gewonder het hoekom haar lewe so bleek en moedeloos geword het.

Die tweede suster was **kwaad.** Sy het haarself as baie slim beskou, maar daar was altyd iemand anders wat hoër punte as sy vir toetse op skool gekry het. Sy het haarself as snaaks, mooi, modieus en interessant beskou. Maar tog het dit geblyk dat daar altyd iemand anders was wat snaakser, mooier, meer modieus of interessanter was.

Sy was nooit eerste in enige iets nie, en dit kon sy net nie verduur nie. Die lewe was nie veronderstel om so te wees nie!

Soms het sy uitbarstings teenoor andere gehad, en dit het gelyk asof sy altyd net een asemteug weg was van nog 'n gewelddadige uitbarsting, om een rede of ander rede.

Natuurlik het dit haar nie meer aanvaarbaar of gewild gemaak nie. Soms het sy haar tande gekners, haar vuiste gebal en gedink, "Die lewe is so onregverdig!"

Dan was daar die derde suster. Anders as haar hartseer en kwaai susters, was sy—wel, **gelukkig.** En dit was nie omdat sy slimmer of mooier of meer bevoeg as haar susters was nie. Nee, mense het haar ook soms vermy of geïgnoreer. Hulle het haar soms gespot oor dit wat sy aangetrek het of oor dit wat sy besig was om te sê. Hulle het soms lelike dinge van haar gesê. Maar sy het nie toegelaat dat enig iets haar te veel pla nie.

Hierdie suster het daarvan gehou om te sing. Sy was bietjie toondoof en mense het daaroor gelag, maar dit het haar nie gekeer nie. Sy het gesê, "Ek gaan nie toelaat dat ander mense en hulle opinies my laat ophou sing nie!"

Die blote feit dat sy aangehou sing het, het haar eerste suster hartseer en haar tweede suster kwaad gemaak.

Baie jare het verbygegaan, en uiteindelik het elke suster die einde van hulle tyd op die aarde bereik.

Die eerste suster, wat oor en oor ontdek het dat daar geen tekort aan teleurstellings in die lewe is nie, het uiteindelik *hartseer* gesterf.

Die tweede, wat elke dag iets nuuts gevind het waarvan sy nie gehou het nie, het *kwaad* gesterf.

En die derde suster, wat haar lewe lank haar lied met al haar mag en 'n selfversekerde glimlag op haar gesig gesing het, het *gelukkig* gesterf.

Natuurlik is die lewe nie so eenvoudig nie, en mense is nooit so eendimensioneel soos die drie susters in hierdie storie nie. Maar selfs uiterste voorbeelde soos hierdie kan ons iets oor onsself leer. Indien jy soos die meeste van ons is, mag jy dalk 'n deel van jouself in een, twee of dalk al drie van hierdie susters, herken het. Laat ons elkeen van nader bekyk.

### Die Slagoffer

Die eerste suster het haarself as 'n slagoffer gesien—as iemand wie op gereageer word.[1] Dit lyk asof

een ding na die ander al ewig met haar gebeur het wat haar ongelukkig gemaak het. Met hierdie houding teenoor die lewe het sy aan andere die beheer oor hoe sy gevoel en haarself gedra het, gegee. Wanneer ons dit doen, word ons meegevoer met elke wind van opinie—en in hierdie dag van alomteenwoordige sosiale media, waai daardie winde met die intensiteit van ŉ orkaan.

Liewe susters, hoekom moet julle jul geluk aan iemand of ŉ groep "iemande" opgee wat nie vir julle of jul geluk omgee nie?

Indien jy vind dat jy bekommerd is oor wat ander mense van jou sê, mag ek hierdie teenmiddel voorstel: onthou wie jy is. Onthou dat jy van die koninklike huis van die koninkryk van God is, dogters van Hemelse Ouers, wat oor die hemele heers.

Jy het die geestelike DNS van God. Jy het unieke gawes wat hul oorsprong in jou geestelike skepping het en wat gedurende die onmeetbare tydperk van jou vooraardse lewe ontwikkel is. Jy is die kind van ons genadige en ewige Vader in die Hemel, die Here van die Leërskare, die Een wat die heelal geskape het, wat die wentelende sterre oor die eindelose ruimte van die hemele versprei het en die planete in hulle bepaalde wentelbane geplaas het.

Jy is in sy hande.

Baie goeie hande.

Liefdevolle hande.

Hande wat versorg.

En niks wat enigiemand ooit oor jou kan sê kan dit verander nie. Hulle woorde is betekenloos in vergelyking met wat God oor jou gesê het.

Jy is sy kosbare kind.

Hy is lief vir jou.

Selfs wanneer jy struikel, selfs wanneer jy van Hom af wegdraai, het God jou lief. Indien jy verlore, verlate of vergete voel—moenie vrees nie. Die Goeie Herder sal jou vind. Hy sal jou op sy skouers tel. En Hy sal jou huis toe dra.[2]

My dierbare susters, laat hierdie goddelike waarhede asseblief diep in julle harte insink. En julle sal vind dat daar baie redes sal wees om nie hartseer te wees nie, want julle het ŉ ewige voorbestemming om te vervul.

Die geliefde Saligmaker van die wêreld het sy lewe gegee sodat jy kan kies om daardie bestemming ŉ werklikheid te maak. Julle het sy naam op julle geneem; julle is sy dissipels. En as gevolg van Hom, kan julle julself in uitrustings van ewige heerlikheid beklee.

#### Die een wat Haat

Die tweede suster was kwaad vir die wêreld. Soos haar hartseer suster, het sy gevoel dat die probleme in haar lewe almal deur iemand anders veroorsaak is. Sy het haar familie, haar vriende, haar baas en kollegas, die polisie, die bure, Kerkleiers, huidige modegiere, en selfs die intensiteit van sonvlamme, en blote ongeluk geblameer. En sy het teenoor almal uitgevaar.

Sy het nie gedink sy is ŉ aaklige persoon nie. Inteendeel, sy het gevoel sy was net besig om vir haar self op te staan. Sy het geglo dat al die ander mense deur selfsugtigheid, kleinlikheid en haat gemotiveer was. Sy, inteendeel, is deur goeie bedoelings—geregtigheid, integriteit en liefde gemotiveer.

Ongelukkig is die kwaai suster se denkpatroon hopeloos te algemeen. Dit is in ŉ onlangse studie opgemerk wat die konflik tussen opponerende groepe ondersoek het. As deel van die studie, het ondersoekers onderhoude gevoer met Palestyne en Israeli's in die Midde-Ooste en Republikeine en Demokrate in die Verenigde State. Hulle het ontdek dat "elke kant gevoel het dat húlle groep deur liefde, nie haat gemotiveer [was], maar wanneer hulle gevra was hoekom hulle groep in die konflik betrokke [was], het [hulle] aangedui dat haat [die ander groep] se motiverende faktor was."[3]

Met ander woorde, elke groep het hulself as die "goeie ouens" gesien—regverdig, sagmoedig en eerlik. In teenstelling het hulle die opposisie as die "slegte ouens" gesien—oningelig, oneerlik en selfs boos.

In die jaar wat ek gebore is, was die wêreld betrokke in ŉ verskriklike oorlog wat vreeslike leiding en oorweldigende hartseer in die wêreld gebring het. Hierdie oorlog is deur my eie nasie veroorsaak - deur 'n groep mense wat sekere ander groepe geïdentifiseer het as boos en haat teenoor hulle aangemoedig het.

Hulle het diegene stilgemaak wat hulle nie van gehou het nie. Hulle het hulle beskaam en as monsters uitgewys. Hulle het hulle as minderwaardig beskou - selfs minder as mens. Wanneer jy eers ŉ groep mense afgegradeer het, is jy meer geneig om woorde en dade van geweld teenoor hulle te regverdig.

Ek bewe wanneer ek dink aan wat in Duitsland gebeur het in die 20ste-eeu.

Wanneer iemand ons teenstaan of nie met ons saamstem nie, is dit maklik om te dink dat daar iets met húlle moet fout wees. En vandaar is dit ŉ klein trappie om die ergste motiewe aan hulle woorde en dade te heg.

Natuurlik moet ons altyd staan vir dit wat reg is, en daar is tye wat ons ons stemme vir daardie doel moet ophef. Maar, wanneer ons dit met woede en haat in ons harte doen—wanneer ons lostrek teenoor andere om hulle te beseer, te beskaam of stil te maak—is die kans baie groot dat ons dit nie in geregtigheid doen nie.

Wat het die Verlosser geleer?

"Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;

"Sodat julle die kinders mag wees van julle Vader wat in die hemel is."[4]

Hierdie is die Verlosser se weg. Dit is die eerste stap om die skeidings af te breek wat so baie woede, haat, onenigheid en geweld in die wêreld veroorsaak.

"Ja," mag jy sê, "Ek sal bereid wees om my vyande lief te hê—indien

hulle net bereid sou wees om dieselfde te doen."

Maar dit maak nie eintlik saak nie, of maak dit? Ons is verantwoordelik vir ons eie dissipelskap, en dit het min—of niks—te make met hoe andere ons behandel nie. Ons hoop vanselfsprekend dat hulle ons ook sal verstaan en met naasteliefde behandel, maar ons liefde vir *hulle* is onafhanklik van hulle gevoelens teenoor *ons*.

Dalk sal ons pogings om ons vyande lief te hê, hulle harte versag en hulle ten goede beïnvloed. Dalk sal dit nie. Maar dit behoort nie ons vasbeslotenheid om Jesus Christus te volg, te verander nie.

Dus, as lede van die Kerk van Jesus Christus, sal ons ons vyande lief hê.

Ons sal woede en haat oorkom.

Ons sal ons harte vul met liefde vir ál God se kinders.

Ons sal na andere uitreik en hulle dien—selfs diegene wat "[ons] beledig en [ons] vervolg."[5]

#### Die Ware Dissipel

Die derde suster is 'n voorstelling van die ware dissipel van Jesus Christus. Sy het iets gedoen wat uiters moeilik kan wees om te doen: sy het God vertrou, selfs wanneer sy bespotting of swaarkry in die gesig moes staar. Sy het op 'n manier haar geloof en hoop volgehou, ten spyte die bespotting en negatiwiteit om haar. Sy het vreugdevol geleef, nie omdat haar omstandighede vreugdevol was nie, maar omdat *sý* vreugdevol was.

Nie een van ons maak dit deur die lewensreis sonder teenstand nie. Met soveel magte wat ons probeer wegtrek, hoe hou ons ons visie gefokus op die wonderlike geluk wat aan die gelowiges belowe word?

Ek glo die antwoord kan gevind word in 'n droom wat 'n profeet duisende jare gelede gehad het. Die profeet se naam was Lehi en sy droom kan in die kosbare en wonderlike Boek van Mormon gevind word.

In sy droom het Lehi 'n groot veld gesien en daarin was 'n wonderlike boom, waarvan die skoonheid nie beskryf kon word nie. Hy het ook groot groepe mense gesien wat oppad na die boom was. Hulle wou van die wonderlike vrugte proe. Hulle het gevoel en vertrou dat dit hulle groot geluk en ewigdurende vrede sou gee.

Daar was 'n smal paadjie wat na die boom gelei het, en daar was 'n yster staaf langsaan wat die mense gehelp het om op die pad te bly. Maar daar was ook 'n mis van duisternis wat hulle sig van beide die pad en die boom versper het. En selfs meer gevaarlik was die klank van harde gelag en bespotting wat van 'n groot en ruim gebou in die nabyheid gekom het. Dit is skokkend dat die gespottery sommige mense wat reeds die boom bereik het en van die wonderlike vrugte geëet het, beskaamd laat voel het en hulle het weggedwaal.[6]

Hulle het dalk begin twyfel of die boom werklik so mooi was as wat hulle eers gedink het. Hulle het dalk die werklikheid van wat hulle ondervind het, bevraagteken.

Dalk het hulle gedink dat die lewe makliker sou word as hulle van die boom af wegdraai. Dalk sou hulle nie meer bespot of uitgelag word nie.

En in werklikheid lyk die mense wat hulle spot en uitlag, soos mense wat baie gelukkig is en lyk of hulle die lewe geniet. Dus, dalk as hulle die boom verlaat, sal hulle verwelkom word in die gemeente van die groot en ruim gebou en geprys word vir hulle oordeel, intelligensie en verfyndheid.

#### Bly op die Pad

Liewe susters, liewe vriende, indien julle dit moeilik vind om aan die ysterstaaf vas te kleef en standvastig vorentoe te stap na verlossing; indien die lag en bespotting van andere wat so selfversekerd is jou laat wankel; indien jy bekommerd is oor onbeantwoorde vrae of leringe wat jy nog nie verstaan nie; indien jy hartseer voel vanweë teleurstellinge, vra ek julle om Lehi se droom te onthou.

Bly op die Pad!

Moet nooit die ysterstaaf—die woord van God—los nie!

En wanneer enigiemand jou probeer beskaamd laat voel omdat jy van die liefde van God gesmaak het, ignoreer hulle.

Moet nooit vergeet dat jy 'n kind van God is nie; daar is ryklike seëninge vir jou beskikbaar; as jy kan leer om sy wil te doen, sal jy weereens saam met Hom kan leef![7]

Die wêreld se beloftes van lof en aanvaarding is onbetroubaar, onwaar en onbevredigend. God se beloftes is seker, waar en vreugdevol—nou en vir ewig.

Ek nooi julle om godsdiens en geloof vanuit 'n hoër perspektief te oorweeg. Niks wat in die groot en ruim gebou aangebied word kan vergelyk met die vrugte van die uitleef van die evangelie van Jesus Christus nie.

Waarlik, "wat die oog nie gesien, en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet."[8]

Ek het vir myself geleer dat die pad na dissipelskap in die evangelie van Jesus Christus die weg na vreugde is. Dit is die weg na veiligheid en vrede. Dit is die weg na waarheid.

Ek getuig dat deur die gawe en krag van die Heilige Gees, julle dit vir julself kan leer.

In die tussentyd, as die pad vir julle te moeilik raak, hoop ek dat julle toevlug en krag sal vind in ons wonderlike organisasie van die Kerk: die Primêre Organisasie, Jong Dames en Verligtingsvereniging. Hulle is soos rusplekke op die pad, waar julle jul selfvertroue en geloof kan hernu vir die reistog wat nog voorlê. Hulle is 'n veilige tuiste waar julle kan voel dat julle behoort en waar julle aanmoediging van julle susters en mededissipels kan ontvang.

Die dinge wat julle in die Primêre Organisasie leer, berei julle voor vir die addisionele waarhede wat julle

as jong dames sal leer. Die pad van dissipelskap wat julle in julle Jong Dame klasse loop, lei tot die deelgenootskap en susterskap van die Verligtingsvereniging. Met elke tree langs die pad, word julle addisionele geleenthede gegee om julle liefde vir andere te demonstreer deur dade van geloof, sagmoedigheid, naasteliefde, reinheid en diens.

Om die pad van dissipelskap te kies, sal na onberekenbare geluk en vervulling van julle goddelike natuur lei.

Dit sal nie maklik wees nie. Dit sal die beste verg wat jy het—al jou intelligensie, kreatiwiteit, geloof, integriteit, krag, vasberadenheid en liefde. Maar eendag sal jy terugkyk op jou werk en o, hoe dankbaar sal jy wees dat jy sterk gebly het, en dat jy geglo het en dat jy nie van die pad afgedwaal het nie.

#### Hou Aan

Daar mag baie dinge in hierdie lewe wees wat buite jou beheer is. Maar aan die einde het jy die mag om beide jou bestemming en baie van jou ondervindinge langs die pad te kies. Dit is nie soseer jou vermoë nie, maar jou besluite wat die verskil in die lewe maak.[9]

Jy kan nie toelaat dat omstandighede jou hartseer maak nie.

Jy kan nie toelaat dat hulle jou kwaad maak nie.

Jy kan juig dat jy ŉ dogter van God is. Jy kan vreugde en geluk in die genade van God vind en in die liefde van Jesus Christus.

Jy kan bly wees.

Ek doen ŉ beroep op julle om julle harte te vul met dankbaarheid vir die oorvloed en onbeperkte goedheid van God. My geliefde susters, julle kan dit doen! Ek bid met al die gevoel van my siel dat julle die keuse sal maak om vorentoe te beur na die boom van die lewe. Ek bid dat julle sal kies om julle stemme te verhef en julle lewens ŉ glorieryke simfonie van lof en vreugdeviering sal maak in wat die liefde van God, die wondere van sy Kerk en die evangelie van Jesus Christus aan die wêreld kan bring.

Die lied van ware dissipelskap mag soms bietjie vals klink of selfs ŉ bietjie te hard wees vir sommiges. Sedert die begin van tyd is dit al so.

Maar vir ons Hemelse Vader en aan diegene wat Hom liefhet en eer, is dit ŉ mees kosbare en pragtige lied—die verhewe en heiligmakende lied van verlossende liefde en diens aan God en medemens.[10]

Ek laat julle my seëning as ŉ Apostel van die Here, dat julle die krag en moed sal vind om met vreugde daarna te streef om ŉ dogter van God te wees terwyl julle elke dag die glorieryke pad van dissipelskap met vreugde loop. In die heilige naam van Jesus Christus, amen.

#### NOTAS

1. Sien 2 Nefi 2:14, 26.
2. Sien Lukas 15:4-6.
3. Boston College, "Study Finds Intractable Conflicts Stem from Misunderstanding of Motivation," *ScienceDaily,* Nov. 4, 2014, sciencedaily.com.
4. Matthéüs 5:44 -45.
5. Matthéüs 5:44.
6. Sien 1 Nefi 8.
7. Sien "I am a Child of God," *Children's Songbook,* 2–3.
8. 1 Korinthiërs 2:9.
9. Sien "The Most Inspirational Book Quotes of All Time," pegasuspublishers.com/blog.
10. Sien Alma 5:26.

© 2017 deur *Intellectual Reserve, Inc.* Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17.
Vertaling van *Vrouebesoek-boodskap, November 2017.* Afrikaans. 97931 501